

Heuningbosteebedryf kan nog tienvoudig groei

Die internasionale vraag na heuningbostee oorskry die aanbod heeltemal. Die bedryf kan tienvoudig groei en sal nog nie in die vraag kan voorsien nie, meen mnr. Pieter van Niekerk, die projekbestuurder van die SA Heuningbosteevereniging (SAHTA). Pryse vir grootmaat-uitvoer het ook die laaste twee jaar meer as drievoudig gestyg.



Mnr. Pieter van Niekerk

wat heelwat minder is as die sowat 16 000 ton rooibostee. Sowat 86% van die heuningbostee word uit natuurlike stande geoes en die orige 14% op aangeplante lande. Daarvan word 85% uitgevoer – veral na Nederland (44%) en Duitsland (bykans 32%). Ander uitvoermarkte is Brittanje (7,8%), Pole (6,3%) en Amerika (5%).

Nuwe markte wat tans ontwikkel word, is die Verre-Ooste (veral Japan), die Midde-Ooste en Australië. Plaaslike verbruik kry ook aandag, maar daar kort nog heelwat bewusmaking onder verbruikers. Die groot voordeel van die plaaslike mark is die groter waarde per eenheid as dit met die grootmaat-uitvoermark vergelyk word.

In die laaste twee tot drie jaar het pryse vir nat tee van R2,50/kg tot tussen R6/kg en ▶

Belangstelling in heuningbostee bereik in talle lande wêreldwyd ongekende hoogtes en is reeds gesog by veral Europeërs, Amerikaners en Japannese. "Dit is hoofsaaklik die gesondheidsvoordele wat dié gewildheid voortdryf," sê mnr. Pieter van Niekerk, projekbestuurder van die Suid-Afrikaanse Heuningbosteevereniging (SAHTA).

Landbouweekblad het by hom gaan kers opsteek oor hierdie inheemse gesondheidsdrankie, asook by twee heuningbostee-kundiges, dr. Cecilia Bester, 'n senior navorser, en me. Marelise Joubert, 'n senior landbounavorsingstegnikus, albei van die LNR Infruitec-Nietvoorbij (Instituut vir Vrugte, Wingerd en Wyn) op Stellenbosch.

Van Niekerk sê in hierdie stadium word sowat 200 ton heuningbos jaarliks geproduseer,



Foto's: LNR Infruitec-Nietvoorbij

Cyclopia maculata - 'n nuwe heuningbostee-soort wat nou getoets word vir kommersiële aanplanting.

FYNBOSBLOOM

Wat is heuningbos?

Heuningbostee en heuning het niks met mekaar te doen nie. Heuningbos is deel van die fynbosbloom. Me. Marelise Joubert is 'n senior landbounavorsingstegnikus en voorsitter van die SA Heuningbosteevereniging (SAHTA). Sy sê hoewel daar talle soorte heuningbos voorkom, word net drie in die Wes- en Oos-Kaap tot by Port Elizabeth kommersieel verbou, naamlik *Cyclopia genistoides* ("kustee"), *C. subternata* ("vleitee") en *C. maculata*. Dit is meerjarige soorte en van hulle het baie spesifieke groeistreke.

C. genistoides kom veral voor op sanderige kusgrond en groot variasies in groeiwyse kom voor tussen die Overbergse en Kirstenbosch-tipes. Dit is 'n herspruiter en die eerste oes kan van 18 maande tot 30 maande tussen Oktober en Maart afgehaal word. Dié soort bly vir minstens 10 jaar in produksie.

C. subternata kom in klam

geblede voor. Groot variasie bestaan ook tussen plante. Dit is 'n nie-herspruiter en sade word deur peule beskikbaar gestel. Die eerste oes kan van 18 maande tot 24 maande ná planttyd tussen Maart en Junie afgehaal word. Dié soort se produksielewe is sowat sewe tot agt jaar.

C. maculata is 'n nuwe soort wat nou getoets word vir kommersiële aanplanting. Dit kom natuurlik langs riviere en strome voor, is 'n nie-herspruiter, en die eerste oeste kan van 12 maande tot 18 maande ná planttyd afgehaal word - gewoonlik in Maart. Die produktiewe lewe van dié soort word tans ondersoek, maar word op sowat vyf jaar geraam.

C. intermedia ("bergtee") word hoofsaaklik in die veld geoes. Inligting oor die volhoubare oes van dié soort is nog skaars en navorsing moet daarvoor gedoen word.

Joubert sê eintlik word heuningbos dwarsdeur



Me. Marelise Joubert in 'n evaluasie-aanplanting by die LNR op Stellenbosch.

die jaar geoes. Dit word grootliks deur verwerkers bepaal. Grondkriteria waarop gelet word by die evaluasie van alle soorte is grond met 'n suurgehalte (pH) van onder 5, fosfor van onder 20 mg/kg, 'n lae klei-inhoud van onder 5% en dit moet goed gedreineer wees.

Verder word daarna gekyk of fynbos wél in 'n bepaalde gebied voorkom, of heuningbos natuurlik voorkom, hoe beskikbaar water is - veral in die eerste jaar - en waar markte vir die produk is.

Heuningbos het puik gesondheidsvoordele, soos dat dit geen kafeïen en min tannien bevat, 'n kragtige anti-oksidant is en plantaardige estrogeen bevat, sê Joubert.

at 16 000 ton
e heuningbos-
goeos en die
nde. Daarvan
na Nederland
(6.3%) en

nikkel word.
die Midde-
verbruik kry
nog heelwat
s. Die groot
is die groter
grootmaat-


het pryse vir
R6/kg en ▶



ert in 'n
ting by
bosch.

word
werkers
ria
by die
woorte is
gehalte
sfor van
lae klei-
7% en dit
er wees.
na
in 'n
orkom,
urlik
baar
leerste
te vir die

nik
de,
steien
it, 'n
ant is
rogeep



Dié kaart toon die natuurlike verspreiding van heuningbos in die Wes- en Oos-Kaap aan.

WENRESEP

Grondvoorbereiding, plant en oes

Deeglike grondvoorbereiding by kommersiële aanplantings van heuningbos bied baie voordele, waaronder sterk ontwikkelde wortelstelsels en 'n robuuste bo-groei, terwyl plante ook meer droogte- en siektebestand is. Veral waar aalwurm voorkom, is dit belangrik dat goeie grondvoorbereiding gedoen word voor vestiging.

Me. Marelise Joubert, 'n senior landbounavorsingstegnikus en voorsitter van die SA Heuningbostee-vereniging (SAHTA), sê grondvoorbereiding moet minstens 'n jaar voor vestiging begin deur grondmonsters vir veral aalwurm te toets. Alle onkruid moet verwyder en fosfaatvlakke reggestel word waar nodig. Die ideale fosfaatvlakke is 20 mg/kg. Daarna moet so diep moontlik geploeg word - minstens 300 mm of dieper.

Saailinge moet van Mei tot Julie - ná goeie reën - gevestig word, verkieslik in rye van 1 m tot

1,5 m uitmekaar, en plante 0,8 m uitmekaar. Direk ná planttyd moet die saailinge goed natgemaak word. Daarna is onkruidbestryding belangrik. Ná ses maande moet die plante gesnoei word om die ideale vorm te kry.

Met oestyd word die herspruiter-soort op die grond afgesny, en hergroei vind plaas uit die wortelstelsel. Nie-herspruiters word op kniehoogte afgesny, en daar moet seker gemaak word dat die onderste derde van die plant nie goeos word nie, anders sal die plant vrek.

Ná oestyd word die gesnyde lote in bondels gebind en dit moet so gou moontlik - verkieslik binne twee tot drie dae - aan die verwerker gelewer word. Daar word die plantmateriaal in ewe lang stukkie (3 mm) opgekerf, in beheerde temperatuurtoestande gefermenteer, gedroog, gesif en dan in groot maat verpak. Die plaaslike mark word egter meestal van teesakkies voorsien.



Kustee (*C. genistoides*) word goeos. Sowat 86% van heuningbostee word in die natuur goeos.